

MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 2 SEPTEMBER 2025

EMBARGO: GEEN

HOE OM 'N GEMEENSAP VOOR TE BEREI OM 'N KIND GROOT TE MAAK

Gedurende die 29ste SAOU Hoofdesimposium in Gqeberha, het Cassie Carstens die saak van gemeenskapsbetrokkenheid in onderwys aangespreek.

Mnr Carstens het dit gestel dat een van die groot probleme in Afrika, die gebrek aan vaders is. In omgewings waar kinders sonder 'n vader of vaderfiguur grootword mag een van die redes wees vir die toename in die dissipline krisis wat tans in Suid-Afrika ervaar word. Dit mag een van die redes wees waarom die kinders van Afrika sukkel om verhoudings met hulle portuurgroep te vorm en aan lae selfwaarde lei.

Die vraag wat Mnr Carstens gestel het, is: hoe kan 'n gemeenskap getransformeer word om die toekoms van die land te verseker? Hy het navorsing voorgehou waarin aangedui is dat die skoolhoof, die meeste invloed in 'n gemeenskap uitoefen en daarom een van die hoof rolspelers om te stabiliteit en volhoubaarheid in 'n gemeenskap te verseker is.

Mnr Carstens het daarop klem gelê dat om verandering in 'n gemeenskap te weeg te bring, is dit noodsaaklik dat karaktervorming, die skep van kultuur en morele waardes sentraal moet staan. Om hierdie uitkomst te verseker is dit nodig dat skole 'n sleutelrol daarin speel om leerders te vorm, veral om in hulle vaardighede te kweek wat veerkragtigheid en die vermoë om aan te pas, as eienskappe te versterk.

Skole is die beste toegerus om hierdie verandering in skole te weeg te bring, juis omdat onderwysers en leierskapspanne toegerus is om die komplekse menslike dinamiek en die nodige vaardighede te ontwikkel. Hy dui daarop dat dit nie 'n aanvullende taak vir hoofde is nie, maar reeds in die Standaarde van Skoolhoofde ingeskryf is, waar daar van hoofde verwag word om met by die gemeenskap betrokke te wees.

Op skoolvlak is kinders reeds deel van die skoolgemeenskap. Dit is daarvoor nodig om vennootskappe met families te vestig en die waarde van die heel-kind benadering te toon om te verseker dat die waardes wat kinders reeds in die skool leer na families uit te brei. Skole behoort 'n baken van hoop te wees, waar die nodige waardes geleer word wat ook in die huis neerslag kan vind, en daarom is dit noodsaaklik dat ouers bemagtig word om vennote in die gemeenskap en in onderwys te wees.

In Suid-Afrika, is dit noodsaaklik om 'n raamwerk van gedeelde verantwoordelikheid op te bou. Skool en familie moet saamwerk om die toekomstige generasies te ontwikkel en om inklusiwiteit in ons land te

bewerkstellig. Om hierdie doelwit te bereik is dit noodsaaklik dat sterk leierskap en inkoop getoon word.

Een van die kernaspekte om hierdie verandering teweeg te bring, is dat skole die model moet wees van wat ons van kinders verwag sodat die beste moontlike kultuur ontwikkel kan word. Skole moet daarna streef om gemeenskappe van vreugde, koestering en om 'n verenigde gemeenskap te word. Daar is 'n behoefte mentorskapprogramme om die waardes wat in gemeenskappe nodig is te onderrig.

Volgens Mnr Carstens, kan dissipline ook net onder leerders posvat as daar 'n gevoel van geborgenheid is. Skole moet 'n sentrum van hoop wees wat fokus daarop om 'n positiewe kultuur te vestig, om te verseker dat dit ook deel van die gemeenskap kan word sodat daar gemeenskappe van hoop kan wees.

Hy sê dat die wêreld 'n vaderfiguur nodig het om weer 'n kultuur van hoop in Suid-Afrika te kan herleef.